


RUSTENBURG

# Gemeenskapskerk

Ds Theo Möller
Cell : 082 821 5157
Email : theo.m@vodamail.co.za
PO Box 20148 Protea Park 0306

# Grondwet van Rustenburg Gemeenskapskerk

## 1. Voorwoord

Die Kerk is ‘n gemeenskap van gelowiges, wat God deur Sy versoening in Christus, tot stand bring en in standhou. God kies mense uit genade. Deur die werk van die Heilige Gees bring Hy hulle saam rondom die Woord en sakramente om ‘n heilige volk te wees en dienswerk in die wêreld te verrig.

Ons Kerk het ‘n Gereformeerde geloofs-belydenis.

Dit beteken ons glo soos alle Gereformeerde Kerke wêreldwyd in God Drie-enig met Jesus Christus ons Verlosser.

Ons aanvaar die Bybel as die onfeilbare Woord van God en aanvaar ook die volgende as ons belydenisskrifte:

- Heidelbergse Kategismus
- Nederlandse Geloofsbelydenis
- Dordtse Leerreëls

## 2. Naam van Kerk

Die naam van ons Kerk is Rustenburg Gemeenskapskerk (hierna verwys as *RGK*)

## 3. Wetlike Status

Abrina 6521 ‘n nie-winsgewende organisasie wat handel as Rustenburg Gemeenskapskerk met registrasie nommer 2008/003977/08.

## 4. Handelswyse

Aangesien *RGK* begerig is om van belasting vrygestel te word, onderneem *RGK* om ingevolge Artikel 30(4) van die Inkomstebelastingwet No.58 van 1962 die volgende te bevestig en uit te voer:

- *RGK* is ooreenkomstig sy belydenis ‘n gemeenskap van gelowiges wat die Woord van God verkondig, die sakramente bedien en barmhartigheid aan mense bewys. Alle aktiwiteite van die *RGK* staan in diens hiervan en vind op ‘n nie-winsgewende basis plaas;
- Die aktiwiteite van *RGK* word hoofsaaklik bedryf in, en tot voordeel van persone in die Republiek van Suid-Afrika;

- Die *RGK* sal 'n Finansiële Komitee aanwys om die fidusiêre verantwoordelikheid te aanvaar met die oog op die vrystelling van belasting ingevolge Artikel 30;

  Hierdie Finansiële Komitee lewer jaarliks aan die Gemeentevergadering verslag hoe die wet nagekom is.

  Niemand sal regstreeks of onregstreeks die besluitnemingsbevoegdheid van die Finansiële Komitee beïnvloed nie.

- Geen fondse sal aan enige persoon uitgekeer word nie, behalwe in die loop van die beoefening van die omskrewe taak van die *RGK* soos verwoord in punt nommer 1 van handelswyse. Uitkering in die sin sluit billike vergoeding aan ampsdraers en amptenare uit;

- Die fondse van RGK word slegs vir die *RGK* aangewend, of via die Finansiële Komitee belê vir toekomstige aanwending by goedgekeurde finansiële instellings soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Finansiële, 1990 (Wet No.97van 1990);

- Die *RGK* sal geen besigheid of handels aktiwiteit bedryf nie behalwe wanneer daartoe gemagtig ooreenkomstig Artikel 30(3)(b)(iv) van die Wet op Inkomstebelasting;

- Die *RGK* is verplig om tydens die jaarlikse oudit alle bronne van inkomste te verklaar. Daarnaas moet die fidusiêr verantwoordelike persone sertifiseer dat geen besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit, anders as toegelaat in die vermelde Wet, onderneem is nie;

- By ontbinding van die *RGK* sal die oorblywende bates oorgedra word aan 'n ander Kerk/Kerke met dieselfde leertradisie wat die oogmerke soos beskryf in punt nommer 1 van handelswyse nastreef, en goedkeuring ingevolge Artikel 30 van die Wet geniet;

- Die *RGK* en enige entiteit daarbinne word verbied om 'n skenking wat op aandrang van die skenker herroepbaar is, vir redes anders as vir wesenlike versuim om aan die oogmerke en waardes van die bedoelde skenking te voldoen, of as gevolg van enige wanvoorstelling met betrekking tot die belastingaftrekbaarheid daarvan ingevolge Art 18A, te aanvaar.

- 'n Skenker mag nie enige voorwaardes stel wat homself, of 'n verbonde persoon met betrekking tot die skenker, in staat kan stel om direkte of indirekte voordeel uit die aanwending van die skenking te verkry nie;

- Geen besoldiging sal aan ‘n ampsdraer of enige ander persoon betaal word wat die algemeen aanvaarde norm oorskry wat redelik in die kerk en oor die algemeen geag word, en geen persoon sal op enige wyse bevoordeel word op ‘n wyse wat nie in ooreenstemming is met die *RGK* se oogmerke as sodanig nie;

- Die kantoor van die aangestelde Ouditeur is verantwoordelik om die vereiste Inkomstebelasting opgawes saam met aanvullende dokumente vir die *RGK* by die SAID in te dien;

- Indien die *RGK* ‘n ander vereniging van persone (wat een of meer openbare weldaadsaktiwiteite soos beskryf in die Wet beoefen) met fondse of bates bevoordeel, sal die *RGK* redelike stappe doen ten einde te verseker dat genoemde voordeel aangewend word vir die doel waarvoor dit voorsien is;

- Die *RGK* registreer as organisasie sonder winsoogmerk by die Direkteur: Organisasies sonder Winsoogmerk, binne die vereiste periode ingevolge Artikel 13(5) van die Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk, 1977 (Wet No 71 van 1997);

- Indien die *RGK* of entiteite daarbinne, registrasie in terme van Artikel 18A(1)(b)9i) van die Wet sou bekom, sal ten minste 75% van die fondse wat by bewyse van skenkings ingevolge hierdie Artikel as aftrekkings kwalifiseer, binne ‘n periode van twaalf maande vanaf einde van die finansiële jaar waartydens die skenking bekom is, uitgekeer word;

- Toesig met betrekking tot die nakoming van die vereistes vir belastingvrystelling berus by die Finansiële Komitee. Die komitee sal alle redelike stappe neem om te verseker dat die tersaaklike vereistes nagekom word wat van tyd tot tyd deur die Wet voorgeskryf mag word. Die aangewese fidusiêr verantwoordelike persone maak enige optrede binne die *RGK* wat van die Wet afwyk bekend aan die toepaslike vergaderings soos beskryf in punt nommer 3 van hierdie Grondwet. Gepaste stappe word geneem om die afwykings reg te stel;

- Wysigings aan hierdie Grondwet met betrekking tot enige Wetswysiging hierin bedoel, geskied deur die Gemeentevergadering in oorleg met die Finansiële Komitee.

## 5. <u>Verantwoordelikhede</u>

### *5.1 RGK*

*RGK* is geroep om die blye boodskap van verlossing deur die Drie-enige God, in die wêreld aan alle mense te verkondig.

### *5.2 Predikant*

- Dienaars van die Woord is deur God geroep, deur die Kerk tot die evangeliebediening toegelaat en in die amp bevestig;
- Die voorreg van Woordverkondiging en sakramentbediening is aan hierdie diens verbonde;
- Dienaars van die Woord, in samewerking met die gemeente, is dienaars van Jesus Christus, die enigste Hoof van die Kerk;
- Hulle opdrag behels die verkondiging, toerusting, opbouing, versorging, beskerming, regering en leiding van die Kerk;
- Om hierdie opdrag uit te voer, kom hulle in vergaderings byeen. Sodoende heers die een lid nie oor die ander nie.

### *5.3 Finansiële komitee*

- Beheer die fondse, vaste eiendomme en ander bates van die *RGK* wat aan hom toevertrou is;
- sien saam met ander toesighoudende liggame toe dat alles ten opsigte van die stoflike belange op alle terreine in die *RGK* ordelik geskied;
- aanvaar die verantwoordelikheid om elke geval van swak beheer, wanbestuur, nalatigheid en onreëlmatigheid onder die aandag te bring van die Gemeentevergadering;
- is bevoeg om met toestemming van die Gemeentevergadering
  - vaste eiendom te verkry
  - skulde aan te gaan, lenings te verkry en sekuriteit daarvoor te verskaf,
  - lenings toe te staan en fondse te belê;
- gee advies aan die Gemeentevergadering oor die versorgingsvoordele van predikante.

### *5.4 Ouditeur*

- Die Ouditeur word deur die Finansiële Komitee benoem;
- Die benoeming word aan die Gemeentevergadering voorgelê vir goedkeuring;

- Indien die Gemeentevergadering die benoeming nie goedkeur nie, word die saak na die Finansiële Komitee terug verwys;
- Die Finansiële Komitee is verantwoordelik om die diensvoorwaardes en besoldiging van die ouditeur vas te stel;
- Alle finansiële state, boeke en dokumente wat vereis word, sal jaarliks aan die Ouditeur voorgelê word vir ouditeuring;
- Ouditering ten opsigte van vorige finansiële jaar moet, sovêr moontlik, jaarliks afgehandel word;
- Die Gemeentevegadering kan die Ouditeur opdrag gee om alle boeke en dokumente van die RGK te ondersoek of te laat ondersoek en 'n verslag daaroor aan die Gemeentevergadering voor te lê indien ongeruimthede teenstrydig met die besluite van die Gemeentevergadering se besluite, bespeur word ten opsigte van die finansies en stoflike belange van die gemeente.

## 6. <u>Finansiële Komitee</u>

### *6.1 Samestelling*

Die Komitee word saamgestel uit:

- sewe lede, driejaarliks deur die Gemeentevergadering verkies, met inagnemeing van 'n groslys saamgestel uit voorstelle deur die Finansiële komitee
- die Predikant met adviserende stem.

Indien 'n vakature ontstaan, benoem die Finansiële komitee 'n lid om die vakature te vul na die goedkeuring van die Gemeentevergadering.

### *6.2 Werkswyse*

- kies op sy eerste vergadering na afloop van 'n Gemeentevergadering 'n voorsitter en ondervoorsitter;
- vergader maandeliks en verder so dikwels as nodig;
- raadpleeg die Gemeentevergadering oor alle besluite rakende die stoflike belange van die gemeente;
- kies 'n dagbestuur bestaande uit die voorsitter, die predikant en minstens twee ander lede om dringende sake te hanteer;
- keur telkens die handelinge van die dagbestuur goed;
- lê jaarliks, so gou moontlik na die sluiting van die finansiële jaar, geouditeerde finansiële state en 'n verslag oor sy werksaamhede van die afgelope jaar aan die Gemeentevergadering voor;
- stel 'n begroting op vir die uitvoering van die opdragte, beleid en besluite van die Gemeentevergadering en lê dit aan die Gemeentevergadering voor vir goedkeuring;

- bestuur die goedgekeurde begroting;
- alle inkomste en uitgawe state moet volgens begroting gekatagoriseer en bestuur word;
- afwykings en behoeftes buite die begroting moet deur die Gemeentevergadering goedgekeur word;
- alle inkomste en uitgawes in belang van die gemeente moet deur die *RGK* se lopende rekining geadministrateer word;
- dagbestuur kan besluite tot en met R10 000.00 neem met finale goedkeuring deur die Finansiële komitee, indien binne die begroting.

## 7. <u>Dissipline</u>

Dissipline in *RGK* word onderskei tussen opsig en tug.

Lidmate en predikante is aan dissipline onderworpe.

### *7.1 Opsig*

- Opsig spruit voort uit die barmhartigheid van die Here met die bedoeling om die ware diens aan God te onderhou en die suiwer leer en goeie orde te handhaaf.
- Opsig is die verantwoordelikheid van lidmate, predikante en komitees om vir mekaar sorg te dra, deur in liefde mekaar by te staan, te bemoedig en tereg te wys.
- Lidmate en predikante beroep hulle nie op ‘n wêreldlike hof met verbygaan van die opsig nie.
- Opsig vind plaas deur middel van gesprekke tussen gelowiges oor leer en lewe met die oog op die behoud van die regte geloof en lewenswandel.
- Opsig word uitgeoefen deurdat raadgewend, waarskuwend, teregwysend of bestraffend in liefde gesprek gevoer word tussen lidmaat en lidmaat, lidmaat en predikant, predikant en predikant, predikant en komitee en tussen komitees.
- Die opsighoudende lidmaat, predikant of komitee bepaal, ná of sonder advies, die wyse waarop die opsiggesprek sal plaasvind.
- Indien gesprekke misluk, word ‘n beswaar skriftelik met ondersteunende getuienis aan die bevoegde opsighoudende komitee voorgelê.

***7.2 Tug***

- Tug is ‘n formele handeling met die doel om:
  - die eer van God te dien
  - die geloof van *RGK* te beskerm
  - die wat in die ongeloof en ongehoorsaamheid aan die Woord van God volhard, tot bekering te roep.
- Tug word toegepas deur ‘n bevoegde komitee nadat optrede onder die opsig nie geslaag het nie, ‘n klag ontvang, ondersoek en gegrond bevind is.
- ‘n Bevoegde komitee kan die tug toepas sonder ‘n klag indien ‘n lidmaat, predikant of lede van ‘n komitee uit eie beweging skuld sou bely oor ‘n oortreding. In hierdie geval behandel die komitee die saak en besluit daarna op ‘n gepaste tughandeling.
- ‘n Bevoegde komitee kan die tug toepas indien ‘n aangeklaagde te enige tyd in die loop van ‘n ondersoek skuld op sommige, of al die aanklagte in ‘n klagskrif bely.

***7.3 Prosedures***

- Komitees laat hulle by die ondersoek, die bevinding en die vorm van tug, lei deur die:
  - Bybel
  - Die *RGK* grondwet
  - Besluite van komitees
  - Gebruike van die *RGK*
  - Beroepsdokumente en dienskontrakte

- Aangeklaagde(s) kan:
  - Vermaan en gewaarsku word.
  - Die gebruik van die sakramente ontsê word.
  - Van lidmaatskap onthef word.
  - Uit die gemeenskap van gelowiges uitgesluit word.

**Almal is diensbaar aan God Drie-enig**